

Sing vooraf: Psalm 144:1

1-

Geloofd sy God wat my in wankle tyd
'n rotssteen is, my aangord tot die stryd;
wat tot die kryg my hande toeberei,
so goed is en 'n vestingwerk vir my;
wat my die skans tot redding wil verstrekk,
by wie ek skuil, daar my sy skild oordek;
wat in die stryd my altyd trou bewaak
en nou my volk aan my gehoorsaam maak.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige
werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 33:1

Geloofsbelydenis Apostolicum

Wet

Na die wet bely ons God se genade met Psalm 103:9

-9-

Maar Gods genade en goedheid is onendig
oor almal wat Hom vrees, sy trou bestendig;
dit reik tot aan die verste nageslag
wat sy verbond nie troueloos wil skend nie,
of van sy wet hul hart afkerig wend nie,
maar sy bevel gehoorsaam wil betrag.

Gebed.

*Onse Vader wat in die hemele is, laat U Naam onder ons geheilig word. Gee dat ons U reg mag
ken as die Skepper van die hemel en die aarde, en dat ons weet dat U alles onderhou.*

*Laat U koninkryk kom. Laat elke regering op die aarde, en elke mens, U wil gehoorsaam soos
die engele in die hemele dit doen. Lei U kerk. U weet hoe moeilik dit al vir die kerk geword het
om te onderskei tussen die valse en die suiwer waarheid, omdat ons al die leuen onder ons in die
kerk het.*

*Ons dank U vir alles waarmee U ons elke dag van ons lewens versorg. Die finansiële voorspoed
wat U aan elkeen van ons laat toekom. Die voedsel wat ons nuttig, en die kleding waarmee ons
ons bedek. Ons bely dat ons dit al as vanselfsprekend aanvaar, maar open U ons oë dat ons U
daarvoor dank. Ons pleit ook by U vir geestelike versorging. Predik tot ons deur U Woord. Gee
dat ons dit ons eie sal maak en dat dit sal vrugte dra in ons gees.*

*Verlos ons van die sondes, maar neem ook elke versoeking uit ons pad, sodat ons nie sal struikel
nie. Gee aan ons 'n vergewensgesinde hart sodat ons elkeen wat teen ons sondig kan vergewe
wat hy aan ons doen, en dat dit ons leer dat U ons net so ons sondes vergewe, en ons dit nie
toereken nie.*

Aan U behoort die krag en die heerlijkheid tot in ewigheid.

Amen.

Psalm 31:1, 5, 12

1-

Net soos 'n rots, gesterk, gestewig
teen storm en ongety,
is U, o HEER, vir my.
Maak my tog nie beskaamd vir ewig.
Bevry my, hoor my bede

na u geregtighede.

-5-

In U, my God, w i l ek weer bly wees;

die guns wat U my bied,

w i l 'k lofsing in my lied.

U was dit wat my wou naby wees,

wat my in guns aanskou het

toe ek op U gebou het

15-

Hoe groot is, HEER, u seënstrome

vir w i e opreg van gees

w i l wandel in u vrees!

Hoe groot die vreugde van die vrome,

as almal klaar bemerk het

die heil w at U bew erk het.

Skriflesing: Numeri 20

Teks: Numeri 20:8

Spreek die rots aan voor hulle oë; dan sal hy sy water gee. So moet jy dan vir hulle water uit die rots laat vloei en die vergadering en hulle vee laat drink.

Vir een oomblik het die volk Israel gedink dat hulle in 'n doodloopstraat is. Hulle het getwyfel oor wat die Here met hulle wou doen.

- Hulle was so moedeloos dat hulle nie eers sê hulle wens hulle was nog in Egipteland nie – die ou storie wat hulle altyd voor Moses se kop gegooi het.
- Nee. Hulle sê hulle wens hulle was soos hulle broers wat alreeds gesterf het.

In 'n sekere sin kan ons dit verstaan.

- Hierdie gebeurtenis vind plaas aan die einde van hulle jarelange verblyf in die woestyn.
- Dit is nou al veertig jaar wat hulle in die woestyn rondswerf en swaarkry, en elke keer moeilikheid kry met die Here, omdat hulle ongeduldig geword het met Hom as Hy hulle straf oor hulle ongehoorsaamheid en **opstandigheid**.

Nou is hulle weer sonder water. Wat meer is, hulle rou ook nog, want Mirjam, wat 'n groot rol onder hulle gespeel het, is maar pas dood en begrawe.

- Terwyl hulle in rou is oor 'n geliefde wat weggeneem is onder hulle, moet hulle aanskou hoe hulle diere swaarkry van die dors.
- Terwyl hulle self baie dors is, kla die landbouers onder hulle net so hard saam:
En waarom het julle ons uit Egipte laat optrek om ons in hierdie slegte plek te bring? Dit is geen plek van graan of van vye of van wingerdstokke of van granate nie; ook is daar geen water om te drink nie. (Numeri 20:5 AFR1953)

Net na hierdie gebeurtenis vertel die Bybel ons van die opmars na Kanään. Met ander woorde, die ou mense wat nog die tyd in Egipte onthou het, is almal dood.

- Die mense wat hier murmureer, is almal jongmense wat in die woestyn grootgeword het.
- Hulle is dus mense wat onder die hand van die Here opgegroeï het, en wat behoort te weet dat dit beter is om te bid en van God te vra, as om dadelik te verwyf.

Moses en Aäron gaan na die ingang van die tent van samekoms - dit was hulle kerkgebou.

- Ons lees nie dat hulle bid nie, hulle val net op hulle gesigte op die grond neer.
- Dadelik verhoor God hulle. Hy is dadelik lief vir hulle.

Ons sou verwag dat die Here se toorn oor hulle moes losbars.

- Maar die Here is goed vir hulle.
- Hy sê aan Moses en Aäron hoe hulle water aan die volk moet gee.

Hiermee wys die Here aan ons sy genade. Baie keer wou Hy die volk verdelg, maar elke keer wanneer Moses gaan bid het, het die Here sag geword en hulle vergewe.

- Dit leer ons dat die Here goedertierenheid aan ons ook bewys en dat Hy ons ongeregtheid en ons sondes ook vergewe, omdat Christus daarvoor bid by God. Hy is ons Middelaar.
- Dink hier aan Romeine 8:34.

Wie is dit wat veroordeel? Christus is dit wat gesterf het, ja, meer nog, wat ook opgewek is, wat ook aan die regterhand van God is, wat ook vir ons intree. (Romeine 8:34 AFR1953)

Die Here Jesus doen inderdaad vir ons voorbidding, Hy het nie net vir ons gesterf nie. In die woestyn is Moses die middelaar tussen die volk Israel en God.

- Daar word hoë eise aan hom gestel.
- Hy word as middelaar op die proef gestel.

Hier by Meriba is hy kwaad vir die volk en dit laat hom 'n groot oortreding begaan.

- Sover dit Israel aangaan, was die gebeurtenis by Meriba maar net een van baie,
- maar vir Moses en Aäron het hierdie voorval baie ernstige betekenis gekry.

Die Here gee sy opdragte:

- Hy beveel Moses om die staf te neem.
- Daarna moet hy die volk by die rots laat bymekaar kom.
- Dan moet hy voor die oë van die volk met die rots praat.

Dan – so sê die Here – sal Hy water gee..

Nadat Moses dan die volk by die rots bymekaar gemaak het, hou Moses vir die volk 'n toespraak. **En Moses en Aäron het die vergadering voor die rots laat byeenkom, en hy het vir hulle gesê: Hoor tog, julle wederstrewiges, moet ons vir julle water uit hierdie rots laat vloei?** (Numeri 20:10 AFR1953)

Toe tel Moses sy hand op en slaan die rots twee keer met sy staf.

- Moses doen presies wat die Here **nie** gesê het hy moet doen nie.
- Hy praat met die volk en nie met die rots nie, en dan slaan hy die rots – waarvan die Here vir hom nie 'n woord gesê het nie.

Die Here beskou dit as 'n ernstige oortreding.

- Oor hierdie sonde mag Moses nie die volk in die land inbring wat die Here aan hulle gee nie.
- Is dit nie 'n geweldige swaar straf nie! Na al die jare van moeite en stryd mag Moses nie die vrugte van sy werk sien nie.

Deur sy sonde neem God die middelaarswerk van hom af weg.

- Was die sonde van Moses dan so groot?
- Hy het die heiligheid van God te kort gedoen.
- Die Here sê duidelik dat Moses en Aäron nie in Hom geglo het om sy Naam voor die volk heilig te maak nie.

Dit was nie sy geloof wat hom die water uit die rots laat kom het nie, maar hy het dit uit homself gedoen.

- Hy het dan ook vir die volk gevra of “**ons** vir julle water uit die rots moet laat vloei”.
- Deuteronomium 32:51 sê dat die sonde van Moses wederstrewigheid teen die wil van die Here was.

- Die volk was wederstrewig, soos wat Moses gesê het, maar die Here het nie vir hom gesê om dit te sê nie.
- Moses het hom in sy eiewaas teen die Here verhef.

Die volk was inderdaad ook wederstrewig - soos Moses gesê het.

- Maar God het nie aan Moses die opdrag gegee om die volk daarvoor te gaan toespreek of verwyt nie.

Die Here wil hê dat ons presies moet weet watter toekoms hierdie soort van sonde het.

- So 'n tipe mens gaan nie in die beloofde land in nie.
- Prakties op ons toegepas, sou ons sê dat hy nie in die hemel ingaan nie.
- Die volk, wat almal sondaars was, mag ingaan.

Die rede daarvoor was dat hulle opstandig was, maar hulle het hulle nie self, soos Moses, in die plek van God probeer stel nie.

Hier is 'n baie sterk waarskuwing in die hele stuk geskiedenis ingebou:

- Vir verwaande mense het God nie tyd nie.
- Veral nie die wat so verwaand is dat hulle in hulle eie oë God geword het nie.

Die tekortkominge van Moses roep na 'n Middelaar wat sonder sonde voor God kan staan.

- Die geskiedenis leer ons dat ons mense te vol sondes en opstandigheid is om voor die Here te kan bly lewe.
- Maar Hy het ons lief en wil aan ons genade bewys.
- Daarom stuur Hy die Here Jesus Christus om ons van die dood te verlos, net soos wat Hy Moses stuur om Israel te verlos voordat hulle van die dors sterf.

Net met die verskil dat Jesus Christus presies doen waarvoor God Hom gestuur het, en nie soos Moses dit nie regkry nie.

- Ons Middelaar het gesterf vir ons. Hy het vir elkeen van ons – vir u en vir my deur die dood gegaan.
- Maar die feit dat Hy dood is alleen beteken nie veel nie - ons moet almal dood.
- MAAR ons gaan nie deur die dood soos Hy nie! Hy is die dood in met ons almal se sondeskuld op Hom waarvoor Hy moes boet voor die oordeelstroom van die Here!
- Die belangrikheid van sy werk kom daarin dat Hy sy dood kon afsluit deur daaruit op te staan - Hy dra al die Here se straf en verwerf vir ons vrypraak, sodat ons voor God mag lewe!
- Hy staan uit die dood op vir elkeen van ons, sodat ons wat in Hom glo, kan lewe.

Kyk hoe het die saak met die Here Jesus gestaan: Hy hang aan die kruis - deur sy mense se toedoen!

- Maar hy maak geen aansprake op sy persoon en op sy Goddelikheid nie.
- Hy praat ook nie oor hoe hulle Hom verontreg nie.
- Hy verwyt nie.
- Hy bid vir die goddeloses (ons is ingesluit!):
En Jesus sê: Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie. (Lukas 23:34 AFR1953)

Dit het nie beteken dat die straf uitgebly het nie. Natuurlik nie, want God straf dan juis die sonde.

Soms is ons soos die volk Israel.

- 'n Beproeving kom oor ons en ons twyfel dadelik.
- Of erger, ons raak opstandig en verwyt God.

- Allerhande vrae kom by ons op.
 - Waarom moet dit nou juis met my gebeur?
 - Ek probeer dan so hard om goed te doen.

Verwaandheid is iets wat by alle mense voorkom.

- By sommige net in 'n mindere mate as by ander.
- Basies gaan dit oor eie belangrikheid.

Verwaandheid het ook baie gesigte - sommiges lyk nogal onskuldig. Ons ken dit onder die volgende voorkomste:

- Iemand is kwaad omdat hy in sy belangrikheid oor die hoof gesien is;
- Iemand maak die uitspraak dat hy iemand anders nog sal kry (wraak);
- Sekere mense is geweldig aanmatigend - hulle wil en siening is alleen geldig;
- Jou humeur vlam op sodra iemand waag om jou teë te gaan.

Hierdie houding is nie net beperk tot ons daaglikse lewe nie. Dis 'n lewensstyl wat ook deurwerk in ons geloofslwe.

- Kom ons wees eerlik: Is sonde nie maar 'n openlike meningsverskil met die Here nie?
- Ons verwerp God se siening en eis oor 'n saak en dan gaan doen ons ons eie ding!
- Sonde is 'n openlike betuiging dat ons van God verskil.

Let net op hoe kom dit dan in ons gebede uit.

- Ons bid vir vergifnis van sondes, maar ons bid so al om die punt. Ons wil nie die sonde by sy naam noem nie.
- Ons bid nie reguit dat die Here ons ons gevoelens van haat moet vergewe nie.
- Of dat Hy ons moet help om oneerlikheid te oorkom nie.
- Ons bely bitter min ons opstandigheid teen God oor die dinge wat teen ons sin in die lewe met ons gebeur.

Dit asof daar dikwels so 'n waas van oneerlikheid oor ons verhouding met God hang.

- As ons die ding mooi bekyk, dan is ons skaamte voor die Here vals - ons verwaandheid slaan ook hierin deur dat ons nie ons foute teenoor God wil erken en bely nie.
- Ek kan myself nie voor God beskerm deur Hom te bedrieg nie.

Vergewing van sondes is so maklik moontlik as ons net eerlik in ons verhouding met God is: met ander woorde

- eerlik ons sondes bely,
- en eerlik smee vir vergifnis!
- as hierdie eerlikheid met die Here deurvloei in 'n eerlike lewe met ons medemense.

Die Here Jesus eis van ons om Hom te volg in nederigheid.

- Hy leer dat diegene wat die minste is, die grootste is in die koninkryk van God.
- Hy leer ons om opreg te bid, en nie in die gebed deur oneerlikheid van God af weg te skram nie.
- Hy leer ons om eerlik met God en met onself te wees.

Laat ons dan wees soos die Woord ons leer.

- Laat ons alle verwaandheid verruil vir ware nederigheid.
- Hoogmoed en verwaandheid loop nie saam met eerlikheid nie. Nederigheid is om aan God die eer te gee vir wat jy is, en Hom te vertrou vir alles wat in die lewe aan ons moet toekom.
- Nederigheid is om net te doen wat God vra, en nie om onself met allerhande beterweterigheid te verhef bo sy wil nie.

Probleme kan ons nie oorval nie, want Christus is met ons.

- Die Here het ons in die Here Jesus Christus se versoening die versekering gegee dat die oorwinning oor die sonde ons oorwinning is asof ons self die straf van God gedra het.

Toe Moses die rots geslaan het, as middelaar, kry hulle water wat hulle dors les.

- As Moses as 'n mens met gebreke soveel beteken het en aan die behoeftes van sy volk voldoen het, hoeveel meer beteken Christus, ons God, nie vir u nie?

Wanneer die sonde en die twyfel en opstand ons oorval, weet dan dat die Here Jesus Christus vir ons gesterf het. Dat daar vir ons redding is.

- Die Here Jesus Christus is die rots waaruit ons drink wanneer ons geestelik dors is.
- 1 Korinthiërs 10:4 leer ons dat almal dieselfde geestelike spys geëet het en dieselfde geestelike drank gedrink het, want hulle het gedrink uit 'n geestelike Rots wat gevolg het, en die rots was Christus.

Ons moet moed skep vir die lewe, want die Here Jesus Christus versterk en verseker ons dat Hy die rots is waaruit ons kan drink wanneer ons spanning het.

Wanneer ons moedeloos word moet ons nie soos Israel wens dat ons van dié is wat alreeds gesterf het nie. Nee, leef soos 'n verlose, met 'n lied in u hart, want daar het vir u verlossing gekom.

Amen.

Slotgebed.

Goedertieren Vader, hoor ons as ons nader in diepe ontsag voor U troon. Ons dank U vir die voorreg dat ons met 'n versterkte geloof die verrigtinge van die naweek mag beëindig.

Amen.

Slotpsalm 34:1, 4

-1-

In weelde en ongeluk,
altyd sal ek die HERE prys;
altyd vir Hom my lof laat rys,
in voorspoed en in druk.
Hom sal'k die ere skenk,
tot roemtaal kragtig aangespoor.
Sagmoediges, hul sal dit hoor
en aantree op my wenk.

4-

Gods sterke Engel w il
'n laer van beskutting wees
óm almal wat die HERE vrees.
Hy maak hul onrus stil.
Ervaar dan en aanskou
hoe waaksaam God is en hoe goed.
Hoe salig is 't in my gemoed
as ek op Hom vertrou!

Die HERE sal jou seën en jou behoed;

Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;

Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Dr. M.J. du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum : 21 September 2008